

VAKINHOUD

Hoë akademiese standarde word nagestreef.

Die voertaal van die skool is Afrikaans.

Vakkeuse word gemaak met die oog op 'n beroepsrigting en verdere studie.

Die toelatingsvereistes van die onderskeie tersiêre instansies moet in ag geneem word by die keuse van vakke en studierigtings .

AFRIKAANS

Met die onderrig van Afrikaans as vak by Hoërskool Duineveld, wil ons elke leerder toerus om sy moedertaal met trots en vaardigheid te gebruik.

Opgeleide, bekwame opvoeders met baie jare se ondervinding in die vak is daarop ingestel om die vak "verbruikersvriendelik" aan te bied en leerders geleentheid te gee om nie net in die vak te groei en te ontwikkel nie, maar om ook as mense selfvertroue te ontwikkel en lewensvaardighede aan te leer soos o.a goeie verbale kommunikasie- en skryfvaardighede.

Omdat skryf- en leesvaardighede die basis is van goeie vordering op alle ander vakgebiede, probeer ons dit kommunikatief en leerder-vriendelik aanpak, maar met 'n grondige akademiese onderbou. Hoërskool Duineveld beskik oor 'n leeslaboratorium vir gr. 8 –leerders waar hulle geleentheid sal hê om d.m.v die rekenaar hul lees-en begripvermoë te verbeter.

Leerders het ook d.m.v. Olimpiades en kompetisie geleentheid om hul skryfvaardighede (gedigte en opstelle) te ontwikkel en daarvoor erkenning te kry. Hoërskool Duineveld het 'n goeie rekord van konstante prestasie in die vak en ons wil dit steeds uitbou.

BESIGHEIDSTUDIES GR 10 - 12

stel die leerder in staat om

- ❖ **die impak van die veranderde en uitdagende sake-omgewings op die sakepraktyk in alle sektore te ontleed,**
- ❖ **lewensvatbare sakegeleenthede te identifiseer en te ondersoek,**
- ❖ **aktuele kennis en vaardighede te toon en toe te pas om 'n verskeidenheid sake-rolle te vervul,**
- ❖ **'n verskeidenheid bestuurs- en gespesialiseerde kennis en vaardighede te toon en toe te pas om ondernemingsfunksies suksesvol uit te voer.**

Die hoofdoelstelling wat Besigheidstudies nastreef, is dus:

- om die leerders insig te gee in die effektiewe funksionering, veral t.o.v. bestuur, van sake-ondernemings in Suid-Afrika,
- om die belangstelling van die leerders in die saketerrein met ontsaglike beroepsmoontlikhede te wek sodat potensiële ondernemerstalent ontwikkel kan word,
- om 'n goeie begrip te ontwikkel van die algemene sakebeginsels, -terme en -gebruike, sodat hulle as toekomstige produsente, burgers en verbruikers op intelligente en verantwoordelike wyse hul eie sake kan behartig,
- om karaktervorming te stimuleer deur daarop te wys dat die private en openbare sektore veeleisend is, inisiatief

en innerlike dissipline verg en aan 'n bepaalde gedragskode moet voldoen.

BESIGHEIDSTUDIES poog dus om 'n gesonde grondslag te lê sodat:

- leerders by skoolverlating gereed sal wees om doeltreffend tot betrekkings in die private en openbare sektore toe te tree,
- leerders met entrepreneursvaardighede in staat sal wees om eie kleinsake-ondernemings te begin,
- leerders wat hulle studies wil voortsit, verder kan bou op die beginsels van en voorvereistes vir effektiewe bestuur.

ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

During the course of a year, ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL) learners are encouraged to achieve critical and developmental outcomes by being exposed to the following language disciplines.

- LANGUAGE :
 - comprehension,
 - summary,
 - visual language,
 - language in action.
- LITERATURE : 3 genres
 - Novel
 - Short stories
 - Poetry
- CREATIVE WRITING
 - Essays
 - Longer Transactional Writing
 - Shorter Transactional Writing
- ORAL
 - Prepared and unprepared oral
 - Listening
 - Conversations
 - Reading aloud

For the portfolio a variety of pieces, on all sections, are compiled to form a final mark. Learners should therefore work diligently throughout the year, in order to pass their grade. Two languages form part of the compulsory subjects. A portion of the learners work is moderated internally and externally in order to ensure a high standard of assessment.

ELEKTRIESE TEGNOLOGIE GR 10 - 12

Elektriese Tegnologie gee aan leerders die geleentheid om praktiese projekte, eksperimente en werklike take uit te voer deur 'n verskeidenheid prosesse en vaardighede te gebruik. Die vak Elektriese Tegnologie sluit die volgende in:

- tegnologie, samelewing en die omgewing
- tegnologiese prosesse

- veiligheid, gesondheid
- gereedskapgebruik en instrumentasie
- opwekking en toepassing van Wissel-Stroom en Gelyk-Stroom
- veiligheids- en skakeltoestelle
- elektriese, elektroniese en logikastelsels
- drywingstelsels

EKONOMIE GR 10 - 12

Ekonomie is 'n sosiale wetenskap wat bestaan uit makro-ekonomie, mikro-ekonomie, internasionale-ekonomie en kontemporêre onderwerpe.

Hierdie vak rus die leerder toe met syferkundige en redenaar vaardighede. In vandag se lewe is dit van kardinale belang dat ons jeug van môre ingelig is tot hul land se herkoms en waarheen SA oppad is. Die veranderings op die ekonomiese front raak alle verbruikers en daarom moet die leerder ingelig wees hoe om geldsake en ekonomiese krisisse te hanteer.

GASVRYHEIDSTUDIES GR 10 - 12

Gasvryheidstudies word aangebied van graad 10 – 12. Graad 9 bied ons slegs gasvryheidstudies as verkenningsvak aan. Die vak bestaan uit drie dele: Kulinêre studies, Restaurantorganisasie en Hotelorganisasie.

Leerders leer hoe om verskillende voedselsoorte voor te berei en te bedien, hoe 'n restaurant werk vanaf bespreking van 'n funksie tot die opruim agterna, asook die bestuur en funksionering van 'n hotel.

Leerders is verantwoordelik om 3 restaurant-aande te hou waartydens hulle 'n spyskaart opstel, voorberei en bedien. Hulle is verantwoordelik om gaste te nooi vir die aand; hulle leer ook hoe om verantwoordelik met fondse te werk

Leerders help ook met groot funksies soos troues en konferensies van 200 – 300 gaste. Tydens hierdie funksie leer hulle hoe dit in die industrie werk, hulle leer kommunikasie-vaardighede, spanwerk en ook hoe om met moeilike kliënte te werk.

Daar is jaarliks kompetisies waaraan leerders vrywillig kan deelneem nl. die Noord-Kaap Junior Chefkompetisie, die Rooi Rose Toptiener Kok kompetisie en 'n Nasionale Pick en Pay skole Chefkompetisie. Ons streef daarna om leerders so na as moontlik aan die werklikheid van die industrie op te lei.

GEOGRAFIE GR 10 -12

In Geografie poog ons om leerders 'n begrip en liefde te gee van en vir hulle omgewing. Die sillabus sluit 'n deeglike studie van Klimatkunde en Geomorfologie in. Ander komponente behels bevolkingsaardrykskunde, ekonomiese aardrykskunde, Nedersetting – en Streeksaardrykskunde. Kaartwerk word ook deurlopend gedoen.

Vir leerders met kennis is die El Nino verskynsels verklaarbaar en so ook weet hulle presies wat die oorsake van die oogmerk, suksesse en mislukkings van die H O P projekte uitspel.

Vir leerders met Geografie is 'n koördinaatverwysing van 30°12'15"S'25°10'45"O van groot hulp asook die gradiëntberekeninge wat hulle kan maak t.o.v. terreine.

INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP GR 10 - 12

Die volgende konsepte vorm deel van hierdie vakgebied:

- Beskrywende meetkunde
- Snitte van meetkundige vaste liggame
- Lokusse
- Ontvouings
- Meganies (ontwerp)
- Siviël (ontwerp)
- Elektries (ontwerp)
- Rekenaar ondersteunde tekeninge (CAD)
- Basiese soliede Modelle

INLIGTINGSTEGNOLOGIE (IT) & REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE (CAT)

Die rekenaardepartement het reeds vele toekennings verwerf tydens die Siyanda - Streekprystoekennings wat deur die Departement van Onderwys gedoen word, op grond van die Senior Sertifikaat Eksamen tydens die matriekuitslae.

IT-leerders ontvang onderrig in programmering (Java) sowel as in die toepassingsprogrammatuur, Office 2000. Die onderrig bestaan ook uit 'n teoriekomponent en 'n praktiese jaarprojek.

CAT-leerders ontvang onderrig in die toepassingsprogrammatuur, Office 2000 (Woordverwerking, Sigblad en Databasis). Die onderrig bestaan ook uit 'n teoriekomponent en 'n praktiese jaarprojek.

Graad 8 en 9 leerders ontvang onderrig in rekenargeletterdheid en die aanleer van die toetsbord.

Al die leerlinge word ook die geleentheid gegun om IT of CAT as 'n ekstra vak te neem, d.w.s namiddae, indien die vak nie in skooltyd geneem word nie.

KUNS EN KULTUUR GR 8 - 9

Leerders leer in die leerarea meer oor die elemente waaruit die 4 kunsvorme (dans, drama, musiek en visuele kuns/ontwerp) bestaan. Dit sluit aan by dit wat reeds in graad 7 geleer word. Daar word gefokus op die teoretiese agtergrond, wat daarna prakties toegepas word.

Elke kwartaal word rondom 'n tema beplan waarin navorsing, praktiese werk en 'n toets/eksamen ingesluit word. Leerders word reeds vanaf graad 8 voorberei vir hul nasionale KK eksamen (GTA = Gemeenskaplike Taak van Assessering) wat in November van hul graad 9 jaar afgelê word.

Kuns en Kultuur toon ook aan leerders dat almal inklusief kan deel hê aan die kunste en dat almal dit selfs op 'n amateurvlak kan beoefen.

LEWENSWETENSKAP Gr 10 - 12

Die doelstellings ten opsigte van die onderrig in Lewenswetenskap is as volg:

Die doel van die sillabus is om 'n kursus daar te stel wat in leerders die volgende belangrike hoedanighede sal laat ontwikkel:

- 'n begrip van fundamentele beginsels gebaseer op 'n studie van lewende organismes en die omgewing.

- 'n bewuswording van biologiese verwantskappe.
- 'n vermoë om kritiese, akkurate waarnemings van biologiese materiaal te kan maak en om betekenisvolle gegewens te kan aanteken van sulke waarnemings.
- 'n vermoë om biologiese inligting te kan analiseer en evalueer, om hipoteses te kan opstel en om metodes te kan voorstel om die hipotesis te toets.
- 'n vermoë om duidelik te kan kommunikeer wanneer verslag van inligting gedoen of gedagtes uitgespreek word.
- 'n respek vir alles deur die Skepper daargestel en 'n bewusmaking van die mens se verantwoordelikheid om lewe te bewaar veral in die SA konteks.
- 'n liefde en waardering vir die Suid-Afrikaanse flora en fauna en 'n besef van die noodsaaklikheid van natuurbewaring.
- Die beginsels van evolusie en omgewingstudies

LEWENSORIËTERING GR 8 - 12

Die vak behels die studie van die self in verhouding tot die ander in sy onmiddelijke omgewing, die gemeenskap en verantwoordelike burgerskap . Fokus word geplaas op die ontwikkeling van vaardighede, kennis, waardes en houdings ingesteldheid ten opsigte van 'n gesonde en gebalanseerde lewensstyl, met die oog op 'n produktiewe leefwyse. Kern aspekte soos sosiale interaksies, rekreasie en fisieke aktiwiteite asook beroeps ingesteldheid is onderwerpe wat aan die orde van die dag is.

Lewensoriëntering bied aan leerders 'n ontguningsveld, waarbinne eie potensiaal en toekomsverwagtings ontdek word.

MEGANIESE TEGNOLOGIE GR 10 -12

Dit is basies 'n uitvloeisel van drie Tegniese vakrigtings nl. Pas- en Draaiwerk, Sweis- en Metaalbewerking en Motorwerktuigkunde. Die volgende komponente word van Gr. 10 – 12 behandel:

Veiligheid
 Gereedskap
 Materiale
 Terminologie
 Kragte(Meganika)
 INstandhouding
 Meganiese Stelsels en hul beheer
 Hitte, Enjins, Pompe, Turbine

MUSIEK

GRAAD 10 – 12

Musiek bestaan uit 4 leer-uitkomst naamlik:

Musiekvoordrag

Praktiese werk gelykstaande aan 'n bepaalde graad (Unisa, Trinity College, Royal Schools) word vereis. Die afdeling sluit tegniese werk, toonlere, bladlees/snelstudie, voordrag van bestaande werke en gehoor-ontwikkeling in.

Improvisasie, verwerking en komposisie

Impromptu skep van komposisies is hoofsaaklik deel van die afdeling. Leerders word ook gelei om hul eie komposisies te skryf, uit te voer en op te neem. Bestaande komposisies word verwerk.

Musiekgeletterdheid (Teorie)

Soos met die praktiese voordrag moet die teorie aan die standaard van 'n eksamenerings-liggaam (Unisa, Trinity

College, Royal Schools) voldoen. Bv. om 'n Unisa Graad 4 praktiese sertifikaat te verwerf moet die Unisa Graad 3 teorie in dieselfde jaar as die praktiese eksamen geslaag word.

Kritiese Nadenke

Leerders word in staat gestel om deur middel van navorsing, beoordeling, evaluering en deelname binne 'n Afrika en wêreldwye konteks die historiese-, kulturele -, en sosio-ekonomiese aspekte van musiek te bestudeer.

Leerders moet reeds 'n ononderbroke praktiese- en teoretiese agtergrond (ten minste tot op graad 2 vlak) van musiek hê om dit as vak in graad 10 – 12 te neem.

NATUURWETENSKAP EN FISIESE WETENSKAP

Hierdie wetenskappe is van die interessantste en mees aktuele vakstudierigtings. Maak nie saak wat 'n leerder se belangstellingsrigting is nie, die verskillende fasette van die studierigtings bied ruim geleenthede waarin elkeen hulself kan onderskei.

Natuurwetenskap (NW) vir Gr. 8 en Gr. 9 bestaan uit twee komponente nl. Skeinat en Biologie wat gekombineerd aangebied word.

Fisiese Wetenskap vir Gr. 10 – Gr. 12 bestaan ook uit twee komponente nl. Chemie en Fisika. In hierdie afdeling moet die leerders jaarliks 'n prakties voltooi by elke afdeling asook 'n taak (EXPO) wat saam met die toetse en eksamens die leerder se jaarpunt bepaal.

Een van die groot geleenthede in 'n jaar is die Expo vir jong wetenskaplikes (deelname vir Gr 10-12 verpligtend) wat hulle ten doel stel om Wetenskap en Tegnologie in ons land te bevorder.

Wetenskap olimpiades is ook 'n geleentheid waartydens leerders interme van die vakgebied op skoolvlak en in die breë getoets word. Daar is jaarliks twee Olympiades: een vir Fisiese Wetenskap leerders in Maart en een vir Natuurwetenskap leerders genaamd Bio-Science in Oktober.

Alle leerders in hierdie vakrigtings mag inskryf vir Olympiades.

REKENINGKUNDE GR 10 -12

Doelstellings

Bied nodige ondersteuning aan in vak d.m.v. vaktydskrifte om 'n liefde te skep vir die vak en om die vak interessant te hou.

Om leerders te lei tot onafhanklike en ingeligte leerders van die sakewêreld.

Om leerders se vaardighede te ontwikkel d.m.v. netheid, ordelikheid, deeglikheid, noukeurigheid, in die vak aan te moedig.

Hier word baie geslaag in die doelstellings as ons jaarliks navrae kry vanaf Rekenmeestersfirmas vir moontlike kandidate vir indiensopleiding by sodanige firmas. Daar word goeie terugvoering verkry van ons leerders wat goeie prestasies lewer en vordering toon in Rekenmeestersfirmas.

- Die Rekeningkunde departement het reeds vele toekennings verwerf tydens die Siyanda Streekprystoekennings wat deur die Departement van Onderwys gedoen word.

TOERISME GR 10 - 12

Toerisme behels die studie van die mens se behoefte om te reis, die verwagting wat die reisigers daar stel en die standarisering van uitmuntende dienslewings. Dit promoveer die intergrasie tussen sektore en sub-sektore met die uitgangspunt van 'n ekonomiese groei moontlikheid. Die rol wat Suid-Afrika in die skakeling met die internasionale toerismesektor vertolk. Die voordeel wat die tot standkoming van positiewe internasionale verhoudings vir, die toerismesektor en Suid-Afrika as 'n geheel inhou. Kennis, waardes en vaardighede wat leerders in die bestudering van vak toerisme ontgun, dien as 'n intree fase vir verdere studie en opleiding by hoër opvoedkundige instansies met die spesialisering in velde soos Reis en Toerisme, Toerisme Bemaking, Toerisme Ontwikkeling, Toerisme Bestuur. Die vak verleen hom tot die ontwikkeling van entrepreneurs vaardighede en bied leerders die geleentheid om direk die arbeidsmark te betree.

WISKUNDE GR 10-12

In die wiskunde sillabus is alreeds baie aanpassings gemaak. Leerlinge skryf 2 verpligte vraestelle:

Vraestel 1- Algebra

Vraestel 2- Analitiese meetkunde
Trigonometrie en
Statistiek.

Daar bestaan tans ook 'n 3de vraestel, maar is nie verpligtend, (Meetkunde en Waarskynlikheid). Wiskunde word deur leerlinge geneem wat in 'n akademiese rigting wil studeer bv. Keurings rigtings (Mediese en medies verwante beroepe), Ingenieurs rigtings, B.comm, ens.

WISKUNDIGE GELETTERDHEID GR 10 -12

Wiskundige Geletterdheid fokus op praktiese toepassings van relevante wiskundige begrippe binne die leerders se leefwêreld en aspekte waarmee hy na skool te doen sal kry. Onderwerpe sluit in: Persentasieverhogings op salarisse, boukosteberekeninge, bankstate, rente, BTW en Inkomstebelasting. Hoëropleidingsmoontlikhede: bv. (Kovsies) B Com LLB en Arbeidsterapie en andere. Wiskundige Geletterdheid is NIE Wiskunde Standaardgraad nie en om van Wiskunde na Wiskundige Geletterdheid te skuif kan NIE gesien word as 'n natuurlike proses nie. Die vaardighede waarop gefokus word is verskillend.

